# *DIE ONSEKER KLANK*

. . .Hy is ons Lewe, ons Al-genoeg-Same. Ons dank U hiervoor, nog 'n geleentheid om Hom te omhels en Hom lief te hê. Ons dank U vir Sy mense, en hier, vanaand, staan hulle voor my, die gekooptes van Sy Bloed, en het ek die voorreg om met hulle te praat.

2 Ek bid dat U die lippe sal salf, Here, wat spreek, die ore wat hoor, en mag die Woord van God in die goeie, ryk grond van geloof val, mag baie genees en gered word. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

['n Suster praat in tale en 'n broer gee uitleg—Red.]

3 Amen. Dank aan ons Hemelse Vader vir daardie sterk vermaning, dat as ons Hom sal glo, dis wat ons moet doen, Sy Woord glo, en alles wat ons nodig het, sal voorsien word. "Soek eers die Koninkryk van God en Sy geregtigheid, ander dinge sal bygevoeg word."

4 Nou, ek weet julle is waarskynlik moeg, ek, vanmôre het ons julle daar by die gebou gehou tot omtrent elf-dertig, en, na die ontbyt toe. En ek dink ons dierbare Broer David het die diens vanmiddag gehad, en julle is waarskynlik almal gevul met *Evangelie*, die enigste ding wat julle nou moet doen, is net—net om dit toe te pas en dit sal alles verby wees, en so dis wat ons nodig het.

5 Nou, ek is beslis dankbaar, vanaand, om hierdie eerbare groep mans en vroue hier agter my te hê, wat diensknegte van Christus is, om vir my te bid terwyl ek vir 'n paar oomblikke met julle probeer praat. En ek waardeer almal van julle daarbuite wat ook bid. As julle ooit iets vir my wil doen, bid net vir my, dis reg.

6 Voel jy beter, seun? Gaan nou reg wees. Kyk net, as iets nie . . .

['n Suster praat in tale en 'n broer gee uitleg—Red.]

7 Amen. Dank God. Hoe wonderlik is dit om in Hemelse plekke te sit in Christus Jesus! Deur een Gees word ons almal gedoop in een Liggaam, en sit saam in Hemelse plekke in Christus Jesus. Hou julle nie daarvan nie? Is dit nie Hemels en pragtig om te wees . . .?

8 Ons is jammer dat soveel buite in die sale staan ensovoorts, wens ons het plek gehad vir julle om te sit, maar ons het nie, vanaand nie. En, miskien, môremiddag sal die dienste begin om, ek dink dis twee-uur. Is dit . . .? Drie? Drie-uur, môremiddag, ek's jammer. Drie-uur, môremiddag, begin die dienste, wat julle 'n kans sal gee om kerk toe te gaan en julle diens te hê, en dan

hiernatoe terug te kom, ons dienste môremiddag te hê, dan terug na julle eie diens.

9 Besoekers, hierdie pastore hier op die platvorm sal julle beslis verwelkom, en hier in hierdie Volle Evangelie kerke. As julle hier kuier, maak seker om een van hulle te vind en môre kerk toe te gaan—gaan, want dis die plek waar ons almal moet wees, in die huis van God op Sondag, om die Here te aanbid.

10 Nou, en dan môremiddag, julle wat kom vir gebedskaartjies, ek wil graag uitnooi, veral die pastore môre, want ek wil hê hulle moet my help bid vir die siekes, ek wil vir julle bewys dat God nie net *een* man se gebed beantwoord nie, Hy beantwoord enigiemand se gebed wat sal bid, en so, om uit te kom en ons te help.

11 En ons sal die gebedskaartjies uitdeel omtrent—omtrent drie-uur, of miskien omtrent twee-dertig, kwart voor drie, sodat al die—die, ons nie die res van die diens sal onderbreek nie. En die kêrels sal die gebedskaartjies uitdeel omtrent twee-dertig, môremiddag.

12 Nou, oorkant in die Skrifte, as ons sou blaai vir 'n paar oomblikke en—en probeer om . . . Vanmôre, ek het dit weer gemis vanmôre, ek—ek het gesê: "Sekerlik, as dit tien-dertig is, ek—ek's . . ." Ek het gesê, vir Billy: "Jy kyk hoe ek uit is om elfuur. Ja," of: "hou jy my net dop, ek gaan daar opkom en net 'n paar woorde sê." En ek het begin praat van die Here, het nie uitgekom voor elf-dertig nie. So ek kan nooit daardie dertig minute boodskap kry nie, so ek reken ek kan net sowel opgee en net ophou probeer.

13 So, dan, oorkant in die Eerste Korinthiërs in die 14de hoofstuk, die 8ste vers, lees ons dit:

> *Want as die basuin 'n onduidelike klank gee, wie sal hom gereedmaak* vir *die oorlog?*

14 En nou, omdat daar soveel staan, sal ek probeer om net so kort as moontlik te wees. En bly om hierdie berigte hier te hoor oor, Broer, iemand het vir Broer David vertel, dat *iets* oor die honderd die Heilige Gees ontvang het. O, goeiste! Brand dit nie in julle hart net om mense, in hierdie laaste ure, in die Koninkryk van God te sien inkom, die Heilige Gees ontvang nie?

15 En ons Broer David, hier, het 'n bediening wat hy preek onder die kerkgroepe, sien, wat nie Pinkster is nie. En—en ek het sommige van die artikels gelees wat verstommend is, hoedat God daar uitbeweeg, Sy mense inbring. Ons dank God vir daardie dinge, vir al hierdie groot bedienings, hom hoor praat van Oral Roberts, en Tommy Osborn; en daardie broers is regtig kosbare en dierbare kinders van God.

16 En ek is so bly om te weet dat die Here Jesus my 'n klein rol in hulle bediening laat speel het, om soort van 'n ietsie te gee, wat

miskien oorkant in die ander Lande wanneer ons gaan sit, en ek al hulle tienduisende sien inkom, ek sê: "Dank U, Here. Ek is bly ek het niks beter geweet as om net te doen wat U vir my gesê het om te doen nie, en, so, om hulle te sien inkom."

17 Nou: "As die basuin 'n onseker klank gee, wie sal homself voorberei vir die oorlog?" Nou, dit is nogal 'n stelling: *Die Onseker Klank*.

18 Nou, as jy nie seker is nie, dan kan jy nie geloof hê nie. As daar geen sekerheid is nie, dan kan jy nie enige geloof hê nie, want geloof is iets wat *seker* is, jy weet dit. Dis die—die, geloof is die vaste vertroue van dinge waarop gehoop word, die bewys van dinge wat nie gesien word nie. Dis nie 'n mite nie, dis nie net 'n verbeelding nie, en dis nie hoop nie, maar dis *geloof*. En geloof is 'n substansie, dis iets wat God jou gegee het. En dan sien jy dit nie, maar jy, tog het jy—jy dit net so sekerlik, asof jy dit reg in jou hande gehad het. En geloof is wat die produk koop waarvoor jy hoop.

19 En nou, Paulus wat hier praat van *Die Onseker Klank*. Ek het soort van hierdie gekies, omdat, vir vanaand se diens, omdat ons in so 'n dag van onsekerheid lewe. Daar's soveel wat vandag onseker is. En ons is . . . Soos ons volk, die nasionale veiligheid is so onseker.

20 'n Paar jaar gelede, wel, het ons gesê daar sal nie meer oorloë wees nie, maar ons vind uit dat ons steeds oorloë het. En ons sal hulle hê totdat Christus kom en die koninkryk oorneem, want solank Satan in die koninkryk regeer, sal ons oorloë en probleme hê. Maar die onsekerheid van die veiligheid van die volk, nie net hierdie volk nie, maar alle nasies, want klein nasies kan nou, het net dieselfde wapens wat die groot nasies het. En hulle is . . . Die sekuriteit is beslis onseker. En ons weet nie presies *wat* nie, daar's onrus onder die mense.

21 Deur rond te reis van nasie tot nasie, vind ek dat dit lyk of almal senuweeagtig is. En die sielkundige sale word vol, en die mense is, onder in die straat, daar is skynbaar soveel angs, en jaag net so hard as wat hulle kan, totdat hulle nie eens hoflikheid het, vir mekaar nie. En ek het dit opgelet onder alle mense.

22 Hier onlangs, het ek 'n diens gehou in 'n sekere plek, waar daar 'n parkeerterrein was, en ek het opgelet onder ons Pinkstermense, wat hulle motors dwars ingetrek het, op *hierdie* manier, as hulle dit net reguit ingetrek het, sou dit iemand anders 'n kans gegee het.

23 En hulle het 'n Pinkstervloek, ek weet nie of julle ooit daarvan gehoor het of nie, hulle gaan in die pad af in die nag, en die man sal sy ligte verdof, die volgende man nie eers sy ligte verdof nie (gaan net aan, gee geen aandag daaraan nie, laat hom gaan.), en verblind hom soos hy wil. Dis Pinkstervloek, julle sien. "Los hom uit, hy behoort . . . " Ons behoort dit nie te doen nie,

maak nie saak wat die ander kêrel doen nie, laat ons—laat ons wys waarvan ons gemaak is. As. . .Laat ons iets *hieronder* kry om liefde en respek te betoon, en die volgende man respekteer en—en hom liefhê, of hy reg of verkeerd is.

24 As jy net diegene kan liefhê wat jou liefhet, wel, die sondaars doen dieselfde ding. Maar ons is anders, wanneer Christus in ons hart ingekom het, het ons diegene lief wat ons nie liefhet nie; die onbeminlike liefhê. En ons was ook eens onbeminlik, julle weet, en Christus het ons liefgehad totdat ons na Hom toe gekom het. En dan as ons van Christus is en Christus in ons is, het ons daardie selfde Gees van gemeenskap, en samewerking, en help om die groot vrag te probeer dra, en die lewe 'n bietjie makliker te maak vir ons medemens.

25 Nou, net onlangs was ek geïnteresseerd, om die koerant te lees, hierdie missielwedloop hier dop te hou. En ek dink dat Broer duPlessis ons 'n goeie les daaroor gegee het vanmôre, oor die wêreld wat 'n man in die ruimte probeer plaas en kyk wie dit eerste kan doen. Ons het 'n man in die ruimte gehad vir tweeduisend jaar: Jesus Christus. Dit is reg.

26 Maar Rusland het gedink hulle kon 'n toeter blaas nou die dag toe hulle 'n man gekry het, opgegaan het in 'n soort van 'n klein toestel en om die wêreld gegaan het binne 'n uur of twee. Wel, goeiste, Jesus kan vinniger uit die Heerlikheid kom as wat 'n gedagte daar by Hom kan kom. Dis net hoeveel, hierdie is hoe vinnig *hierdie* is.

27 Julle weet, Einstein het bewys dat as twee kragte vinnig genoeg kom, hulle regdeur mekaar kon gaan en nooit—nooit mekaar versteur nie. As twee motors in die pad afgekom het, en hulle het albei teen die verskriklike spoed gery, vinniger as klank, net biljoene myle per sekonde, sou hulle waarskynlik regdeur mekaar gaan sonder om mekaar enigsins seer te maak. Hy het dit bewys, deur kragte wat gebots het.

28 Wel dan, julle sien, ons is sulke aardsgebonde mense dat omtrent al waaraan ons dink en aan kan dink is, o, ons, tyd en ruimte en, maar wanneer ons hierdie wêreld verlaat, gaan ons in waar daar geen tyd is nie. Ons kan dink aan vyftig myl per uur, honderd myl per uur, tweeduisend myl per uur, of tienduisend myl per uur, wat nie eers begin wanneer ons aan Ewigheid dink nie, hoe vinnig!

29 Jesus, nadat Hy verheerlik is, en Sy verheerlikte liggaam ontvang het, opgestaan het uit die dood, en opgevaar het na Bo na die Vader, teruggekom het 'n paar sekondes later, en met sulke verskriklike spoed, tot Hy reg ingekom het voor Sy dissipels deur 'n muur en nooit eens die muur verskuif het nie, en tog met 'n liggaam wat daar kon staan en vis en brood eet. Dis *spoed*, wat deurkom.

30 En Hy kan al die pad van die Heerlikheid af na jou hart toe kom, so vinnig as wat jy aan Hom kan dink. So gou as wat jy die verkeerde kan bely, kan Hy die duiwel uitjaag en Homself inbring, net so vinnig as wat jy genoeg geloof kan hê om dit te glo. Hoe *spoed*!

31 Maar natuurlik, soos ek gesê het, is ons 'n aardse volk, en ons kan net duim, myle, ensovoorts meet, net soos, dit was eenmaal aangehaal: Wat as 'n babatjie in die skoot van sy moeder kon dink? En dit net sou sê: "Wel," dink: "jy weet, hulle sê vir my dis net 'n paar dae en ek gaan gebore word. Wee my! Hulle sê vir my dat daarbuite, daar soveel ruimte is en daar 'n son is wat skyn, en mense loop rond. Waar sal ek my lewe kry? Ek kry my lewe reg van binne af. Wat sal van my word? Wee my wanneer ek gebore word!" Wel dan, na hy gebore is, sou hy nooit weer wou teruggaan nie.

32 Wel, dis hoe ons probeer dink, en vermenigvuldig dit met miljoene, om Hemelse dinge met aardse dinge te probeer vergelyk, dis soveel groter. Wanneer die dood ons tref, en ons hierdie groot land hier verlaat, genaamd die wêreld, na daardie Land daarbuite, wel, sal ons nooit weer wil terugkom na hierdie plek, hierdie land van korrupsie en hartseer nie.

33 In die Sakemanne se joernaal, het hulle 'n gepubliseer, ek sal dit 'n visioen noem, hoewel ek . . . dit was nooit soos enige visioen wat ek ooit gehad het nie; ek het gesien, die Here was my genadig om my visioene te laat sien vandat ek net omtrent, minder as omtrent twee jaar oud was. En dan, ek—ek het baie visioene gesien, maar niks soos hierdie nie, want ek het daar gestaan en afkyk na myself. En ek het daardie mense gesien, hulle hande geskud, en hulle was net soveel *mense* as wat ons *mense* is, net daar was geen gister, geen môre nie, en daar was geen ou mense nie, hulle was almal jonk. En o, ek het gedink . . .

34 Ek wou altyd lewe om Jesus te sien kom, want ek wou nooit 'n—'n gees wees nie, en ek was altyd bang vir spoke, en ek—ek—ek wou nie sterf, en 'n wolkie word nie, en soos 'n klein wit wolkie wat êrens ronddryf, en my broers sien, sê: "*Daar* is hulle, wens dat ek hulle hand kon skud, maar hulle het geen hand om te skud nie, dit—dis dood, en—en hulle is in die graf."

35 En toe is daardie Skrif lewendig gemaak: "As hierdie aardse tabernakel afgebreek word, het ons alreeds een wat wag." O, beweeg net hier uit reg in daardie een in. O, ek sê julle, dit gee ons groot hoop. Maak nie saak wat die wêreld dink, en hoe onseker die wêreld is nie, wanneer ons kan dink aan daardie dinge, verdwyn alle vrees, en dan word ons medeburgers van die Koninkryk, en respekteer mekaar. En hulle wat nie medeburgers is nie, ons wil hulle aanmoedig na daardie plek waar hulle kan . . . Niemand behoort ooit daardie Plek te mis nie.

36 Ek's 'n middeljarige man, ek's twee-en-vyftig jaar oud, ek het 'n vrou en baba wat hier sit vanaand, jong man, my seun hier, twee dogters by die huis, en as dit nie was om die Evangelie te preek en daardie kinders groot te maak om te sien dat hulle reg grootword, en om die Evangelie se onthalwe nie, sou dit my glad nie bang maak om net nou te vertrek, net hier in julle teenwoordigheid nie. Dis 'n glorieryke Plek! So ek—ek's. . . Dit het al die vrees van my weggeneem, wat ek eenmaal gevrees het om te sterf, vrees ek dit nie meer nie; ek is dankbaar daarvoor.

37 Nou, so wat dan as die volk nie sy sekuriteit het nie? En wat as Rusland 'n sputnik, of bom laat val, of wat ook al die missiele is wat hulle hulle noem? Watter verskil maak dit? Wel, dis net 'n leer Huistoe vir ons, net 'n—'n vinnige ontsnapping van al hierdie goed, om Huis toe te gaan, want ons sal in elk geval gaan voor dit val.

38 So, die Bybel, glo ek, leer dit. Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Noag, in die dae van Lot." In die dae van Noag, voor die oordeel die aarde getref het, was Noag binne-in die ark voor dit selfs reën gesprinkel het, beslis. Hy was buite gevaar. En die Engel het vir Lot gesê: "Gaan gou hiernatoe, want Ek kan niks doen totdat jy hier uit is nie." Sien? Hulle moes eers uitkom.

39 En ek glo die basuin van God sal een van hierdie oggende blaas, die dooies in Christus sal opstaan, ons wat in die lewe oorbly, sal verander word in 'n oomblik, in 'n oogwink, en saam met hulle weggeraap word om die Here in die lug te ontmoet, en dan sal die groot straf vir die bose op die aarde begin.

40 En as ons weet ons kan opgeblaas word voor die oggend, en die wetenskap sê dis nou omtrent 'n minuut voor middernag, hoe naby is die Koms van die Here Jesus dan? Maar dit sal plaasvind voor die ander kan.

41 So daar's geen sekuriteit van die nasie nie, senuweeagtig, manne wat verdrae probeer teken, en soos 'n klomp kinders, wat baklei en mekaar steek. En ons behoort daardie dinge dop te hou, want dis nodig dat ons hulle dophou.

42 Hier nou die dag, hierdie konferensies wat hulle gehad het, daar was Mnr. Eisenhower en—en Khrushchev wat hierbo ontmoet het in die Verenigde State. Eisenhower, het al die westerse nasies verteenwoordig, en Khrushchev het al die oosterse nasies verteenwoordig. En het julle opgelet, daar was niks wat hulle kon sê om saam te stem nie? Khrushchev het sy skoen uitgetrek en dit op die lessenaar geslaan en alles. Wel, weet julle nie dit vervul presies wat die profeet gesê het nie? Weet julle wat *Khrushchev* in Rusland beteken? Beteken "klei." Weet julle wat *Eisenhower* in Engels beteken? "Yster." Yster en klei, die ooste en die weste, daardie twee groottone van die visioen van Daniël. Ons is alreeds aan die einde, vriende.

43 O, ons moet hierdie onrus onder die nasies hê, "Nasie sal teen nasie opstaan, koninkryk teen koninkryk, verwarrende tye wees, benoudheid tussen die nasies, see wat dreun." Wel, die—die wêreld lyk asof dit 'n senuwee-ineenstorting kry.

44 Nog 'n ding, ons werk, ons werk is so onseker. Ek het met 'n jong man gepraat, wat so pas teruggekom van die weermag, buite in die saal, teruggekom, hy het geen werk gehad nie. En jy weet nie van een dag tot die volgende, of iemand gaan . . . jy kom by 'n plek van senioriteit, en iemand tree af om nie afgedank te word nie, vind hulle iets teen jou, en jy's buite op die straat, en dan te oud om 'n werk te kry. Jy oor omtrent vyf-en-twintig is, jy, help dit nie veel om te soek na 'n werk deesdae nie.

45 So, hulle net, sien, daar's . . . Julle dink wat 'n man gaan doen nadat hy vyf-en-dertig, veertig jaar oud is, as hy nie 'n manier het om 'n lewe te maak nie. So, en dan, as jy by die werk is, omtrent enige tyd wat hulle jou net kan laat gaan vir een dingetjie en dit ontslaan jou, en dan is jy afgedank, so daar's geen sekuriteit in werk nie. Dis 'n . . . Ons weet dit, geen sekerheid daarvan nie.

46 Geen sekerheid in watter tyd ons nasie opgeblaas kon word nie. Miami, Florida, dink ek, in hierdie komende Christen Sakemanne se byeenkoms, kom daar 'n man wat van bo in Groenland gaan wees, wat sy hand op die hefboom gehad het net onlangs, hy die wêreld sou vernietig het. En was so senuweeagtig, hy het nie geweet wat om te doen nie. Hulle het 'n—'n bom, of een of ander missiel in 'n skerm, en hulle het gedink: "Rusland maak gereed om dit af te vuur," so missiele sit oral, lê reg op 'n kruitvat dat die hele ding enige tyd opgeblaas kan word.

47 So daar's geen sekuriteit nie. Daar's geen manier om weg te kom daarvan nie, jy nie kan ondertoe grawe nie, sal daardie bomme 'n honderd-en-vyftig voet in die grond blaas, vir 'n honderd vierkante myl, amper. En dis waarvan ons weet, wat van dié waarvan ons nie weet nie? Elke volk het sy geheime dinge wat hulle terughou, en wonder net waarvan ons nie weet nie.

48 Dan praat hulle van al hierdie paradering, en gaan in plekke in, en—en vind iewers 'n bomskuiling, grawe in die grond, gaan die regering onder een of ander tonnel inskuif. Wat sou dit help? Wel, as een van daardie bomme sou tref, en jy sou vyftienhonderd voet daaronder wees, sou dit elke been in jou liggaam breek, die skudding sou.

49 Daar's geen manier om hieronder weg te kruip nie, daar's net een manier wat jy moet dink om weg te kruip, dis *op* gaan, uitkom daaruit, en daar is net een pad boontoe. O, ek hou van ons Man in die ruimte, ek—ek—ek hou daarvan, want Hy het gesê Hy sou ons daaruit neem, uit hierdie ding uitkom. Ja, meneer.

50 Daar's geen sekuriteit in die—die nasies nie. Jy sê: "Ek sal na *hierdie* volkie toe hardloop, *daardie* volkie." Wel, dit sal alles

opgeblaas word. En hulle sal . . . Daar's geen sekuriteit hier in die nasie nie. Daar's geen sekuriteit in ons werke nie.

51 En let op in hierdie dag, dat die huislewe 'n situasie geword het wat hanteer behoort te word. Goeiste, julle sien klein seuntjies wat uitgaan en 'n geweer vat en pappa en mamma skiet terwyl hulle in die bed lê. Oneerlikheid onder ons vroue en mans, ons moeders en vaders. In baie groot stede dra die man en vrou geheime sleutels, of dieselfde sleutels, liewer, gee sleutels van hulle woonstel, elkeen kom in, eet 'n maaltyd iewers, en een het 'n afspraak, en die ander een het 'n afspraak. Goeiste!

52 Het geen ordentlikheid meer, geen respek by die huis nie. Huise in hierdie dae, het nie die outydse huise nie, mag, te veel het, waar die Bybel oop is en pa 'n hoofstuk lees, en hulle kniel om die tafel en bid nie. Mense gaan in, gaan sit en eet. So pas, ek het gesien, mense na die tafel toe gaan en net begin eet, en—en drink, eet, nooit die seën vra nie.

53 Julle weet, dit net . . . Ek bedoel nie om dit as 'n grap te maak nie, ek wil dit vir 'n punt sê. Ek het eenkeer opgelet, dit was buite toe ons op die plaas gewoon het, dit was, daar was onder, 'n vark, onder 'n appelboom, en daardie appels het afgeval en hom op die kop getref, en hy het heeldag lank appels geëet, en hy het nooit opgekyk om te sien waar hulle vandaan gekom het nie. Dis reg. Wel, dit gaan nie net so met varke nie, julle besef nie waar daardie kos vandaan kom nie, julle beter opkyk en God dank daarvoor, want Hy was die Een Wat dit gegee het.

54 Ons het nie meer sekuriteit van die huis nie. Stuur julle kinders skool toe, wat leer hulle hulle daarbuite? Baiekeer, te veel keer, hulle leer hulle ons kom van ape af, wel, ons glo dit nie. Nee. En as 'n mens niks meer as 'n dier is nie, eet, drink, en wees vrolik dan. Dis wat soveel jeugmisdadigers maak, dis wat soveel misdade gepleeg laat word, want as mense niks meer as 'n dier is nie, laat dit hom soos 'n dier optree.

55 Ons moet vir hom sê hy's 'n seun van God, gebore vir die Koninkryk van God, en hy *is* iemand. Hierdie is net 'n negatief, 'n prentjie, negatief, wat wag dat dit eendag ontwikkel word, en die dood is die enigste ding wat dit kan ontwikkel. Wanneer jy sterf aan jouself, begin 'n nuwe prentjie aan die binnekant, en dan begin daardie nuwe Skepsel, Christus Jesus, Homself wys. En een van hierdie dae, sal Hy kom en jou opneem na Hom, dan sal die hele ding verander word, en dan sal hierdie negatiewe skaduwee 'n positiewe word.

56 Ons vind uit dat die sekuriteit van die huis baie onseker is. 'n Jong man kan uitgaan, vir hom 'n vrou kry, 'n jong vrou, vir haarself 'n man neem, hy mag optree soos 'n heer en alles, maar dis—dit is beslis 'n kans om te vat. En ons vind alles wat in die huise aangaan, oral, wat opbreek. Amerika het meer egskeidings, dink ek, as enige ander nasie in die wêreld, waar ons veronderstel

is om beskawing te hê, en elke jaar vind ons uit dat mense elke jaar 'n bietjie meer onbeskaafd begin optree. Kan julle julle mans voorstel wat mans kan doodmaak, en vroue, en kindertjies, en dis 'n—'n *beskaafde*, wat veronderstel is om te wees?

57 In die ou tye, toe die revolusie geveg is, toe, ek glo dit was, Stonewall Jackson, bo-op Uitkykberg, en nog 'n groot generaal aan die onderkant, hulle het hulle kanonne op mekaar gerig gehad, en toe, toe die, gereed gemaak het om die volgende oggend te vuur, het Jackson opdrag gegee om uit te gaan, het afgeroep na die onderkant van die heuwel, en gesê: "Broers, maak gereed, ons gaan op julle vuur."

58 En nou daar oorkant in Duitsland en verskillende plekke, waar kêrels soos Hitler, daardie arme Jode uitneem en, wel, die tekens daarvan is steeds daar, hulle het hulle doodgemaak by die tiene van duisende, by die miljoene. Een, twee manne, verantwoordelik, veronderstel om hoogs beskaafd, geleerd te wees. Dit sou goed wees as ons nie ons ABC's geken het nie en vir Christus geken het, en dan, sou dit nie sulke goed soos daardie voortbring nie.

59 Nee, dit is beslis onseker: nasionale sake, werk, huise. En nou wil ek praat oor iets anders wat 'n onseker klank gee, waarin ons soveel vertroue plaas, ons maak so 'n bohaai daaroor, dis politiek.

60 Ou bure baklei, stry en stry, oor politiek, een is 'n Demokraat en die ander een is Republikein. En—en hy . . . Wel, hulle stoei en baklei daaroor, en wanneer albei partye so verrot en vuil is as wat dit kan wees. Dis reg. So een kan nie die ander een verkeerd noem nie, want hulle is albei verkeerd. Dis presies reg.

61 Maar politiek, 'n paar jaar gelede, toe ons gehad het . . . Dit is die eerste keer uitgebring oor demokrasie, een van die here van Engeland het gesê: "Dis alles seile en geen anker nie." Gesê: "Binnekort sal hulle staan op, politici, op seepkissies, lesings te gee." Wel, dis reg, presies reg, maar hy het nie gedink aan sy eie pragtige Hoërhuis van Here nie, wat ook daarmee sou gebeur, en Laerhuis nie.

62 Maar daar vind julle dat al hierdie dinge tot 'n einde moet kom. Ek glo in demokrasie, maar ek glo daardie demokrasie is net soos dit was in Frankryk, gedurende die tyd van Johanna van Arkel. Frankryk het 'n rewolusie nodig gehad, dis reg, maar nadat hulle die rewolusie gehad het, het hulle 'n teenrevolusie nodig gehad om party van die dinge waaroor hulle in opstand gekom het, reg te stel. En ek dink demokrasie is reg, maar nadat demokrasie gewen is, dan het ons 'n bietjie regruk nodig van die demokrasie. Dis reg.

63 Ek dink die Kerk is reg, maar nadat die Kerk oorwin het, dan het ons 'n bietjie regruk nodig in die Kerk. Dis reg.

64 Politiek, net onlangs . . . Ek's nóg Demokraat nóg Republikein, ek's 'n Christen. So ek—ek nie . . . Ek het vir

een Man gestem, dit was Jesus Christus, en Hy het dit aanvaar, en ek sal beslis wen op daardie een, so dit—dis Wie ek wil verkies, is vir Hom.

65 En my ma was ’n Demokraat, o, goeiste, en my pa was net soveel Republikein. So daar die . . . ons het dit by die huis gehad. En so, sou een elke keer stem om die ander een se stem dood te maak. Nee, meneer, hulle wou net nie ingee nie.

66 So dis hoe dit is, sien, dis soos ’n klomp kinders wat speel. Ek dink daar sal goed wees in enige party, of sleg in partye, dit hang net van die persoon af. Ek dink dis hoe dit is met Metodis, Baptis, of Presbiteriaan, of Pinkster, dis die individu wat in die kerk is.

67 As jy Katoliek is, en jy maak staat op die Katolieke kerk vir verlossing, is jy verlore, en as jy ’n Pinkster is en staatmaak op die Pinksterkerk vir verlossing, is jy verlore. Maar as jy Katoliek is en—en jy het geloof in Jesus Christus, en op Hom vertrou, word jy gered deur jou geloof deur genade, dieselfde ding met enige ander kerk, dis die individu. Dis die stelsel, soos ek gesê het, wat broederskap afgebreek het, dis nie die kerk self nie.

68 Nou, politiek, jy kan geen vertroue in hulle stel nie. Ons het pas ’n verkiesing gehad wat bewys was as een van die skelmste dinge wat die volk ooit getref het. Reg. Maar wat het hulle gedoen? Hulle het ’n masjien gehad wat onfeilbaar was, en die FBI het dit ontbloot en dit gesê in die koerante en oral, dat die masjiene opgestel was, dat elke keer wat hulle vir Mnr. Nixon gestem het, hulle terselfdertyd vir Kennedy moes stem, en die FBI het dit onthul. Het hulle enigiets daaraan gedoen? Nee, meneer. Dan is dit skelm. Dis reg.

69 Nou, iemand het gesê: “Jy sal een van die dae geskiet word omdat jy dit gesê het.” Hierdie is die beste plek wat ek ken om te sterf, en ek ken geen beter saak om voor te sterf nie.

70 Hierdie volk was baie soos Israel. Israel was ’n volk wat in slawerny was. En daardie groepie Israeliete, wat in slawerny was, en vryheid liefgehad het, en die ware en lewende God wou aanbid, God het hulle verlos uit hulle slaweputte en hulle in ’n—’n land ingeneem wat aan hulle belowe is, en die bewoners van daardie land verdryf, en hulle het die land oorgeneem en ’n magtige nasie geword, hulle het magtige manne gehad.

71 En hierdie volk het dieselfde ding gedoen: Ons was ’n gebonde volk, geen vryheid van godsdiens nie, en God het ons voorvaders na hierdie volk toe gestuur, ons het die bewoners verdryf en oorgeneem, en dit het die voorste nasie van die wêreld geword.

72 En Israel was die voorste nasie van die wêreld in haar dae, omdat hulle groot, godvresende manne gehad het, manne soos Dawid, soos Salomo, eerbare manne, manne van integriteit, manne wat God geken en God vertrou het. Maar eendag, het daar

’n afvallige gekom wat op die troon verkies is, en dit was Agab, ’n grenslyngelowige.

73 Hierdie volk was bekend oor die hele wêreld as die voorste nasie, want ons het goddelike manne daaragter gehad: Abraham Lincoln, George Washington, manne soos daardie wat God vertrou, en God gevrees het. Maar net soos Israel sy fout gemaak het en Agab ingesit het, het ons dieselfde ding gedoen nie lank gelede nie.

74 Toe Agab ingekom het, het hy met Isébel getrou, en Isébel was ’n heiden. En dit was nie Agab nie, Agab was ’n baie goeie kêrel, hy wou. . . baiekeer bely, maar dit was nie Agab nie, dit was Isébel agter die troon, want hy was met haar getroud, en sy het hom beheer en sonde na die volk toe gebring, en sonde na die mense toe.

75 En dieselfde ding het nou gebeur. Party van julle goeie, stoere Demokrate mag dalk verskil daarvan, maar laat ek vir julle sê, julle het soveel gedink van julle politiek in plaas van God se Bybel, julle het dit reguit laat inkom, oorneem. God eerste! Waarvoor is ons hier vir vryheid van godsdiens, of *wat*? Daardie Isébelstelsel. Ons President is nou getroud met daardie Isébelstelsel. Dis presies reg. Net soos dit toe was, so is dit nou. Dis nie hy wat ek. . . Mnr., die President, ek het niks teen hom nie, maar daardie stelsel daaragter!

76 Het julle net onlangs opgelet van die skole? Hoe glad hulle daardie een probeer oorkry het? Sekerlik. Dis net die begin daarvan, wag julle maar net, ja, meneer, wag julle maar net. Julle is beter gewaarsku as dit deur Heilige Gees predikers wat julle gewaarsku het. Maar wat is die probleem? Ons het ons geboorteregte verkoop vir politiek.

77 Julle het politiek gespeel in die kerk, ensovoorts, en wat het julle toe gedoen? Julle het die hele volk geanker en julle Godgegewe geboorteregte uitverkoop tot die einste ding waarvoor julle hiernatoe gebring is, om van vry te wees. Dis presies reg. Amen. Ek het nie beplan om daarop in te gaan nie. Dis nou te laat, dis om profesie te vervul, dis presies die rede waarom hulle dit nie wou regstel nadat die masjiene as skelm bewys is nie. Hierdie is later as wat julle dink, dit moet net wees.

78 Nou, nee ons kan nie. . . Hierdie politiek gee ’n onseker klank. Jy weet nie. . . Jy kan stem, en stem, en stem, en stem, maak geen verskil nie, hulle bestuur dit soos hulle wil. So daar’s onsekerheid in politiek.

79 In die kerk is daar onsekerheid. O, ons het honderde denominasies, elkeen wat sê: “Ons s’n is reg. Hulle is niks werd nie. Ons het dit.” Omtrent negehonderd verskillende organisasies hier in die Verenigde State, hoe kan hulle *almal* reg wees? Nou, daar’s ’n onseker klank daar iewers. Dit klink nie reg nie.

80 Een sê: "Kom jy oor en sluit by ons kerk aan, en jy verlaat *hierdie* een en kom, sluit by ons s'n aan." Die volgende een sluit aan by hulle. . . Mense dra brief van kerk tot kerk totdat hulle dit opgebruik het, verander net die naam, van Metodis, na Baptis, na Presbiteriaan, na Lutheraan, na Pinkster, Eenheid, Tweeheid, Drieheid, en waarom is dit. . . My goedheid! Waarom vergeet julle dit nie? Sit jou naam op die Lam se Boek van die Lewe in die Hemel, jy sal dit nie meer hoef rond te skuif nie. Dis reg.

81 Onsekerheid, die kerk wat onseker klanke gee. Die Baptiste het 'n slagspreuk gehad nie lank gelede nie: "Nog 'n miljoen in '44." Wat het ons gekry? Julle het nog 'n miljoen aansluiters gekry, sekerlik.

82 As al die mense wat in hierdie Verenigde State is wat bely om Christene te wees in een of ander kategorie, Katoliek of Protestant, van die kerke, as elkeen van daardie mense wedergebore Christene was, sê ek julle, sou hierdie land so droog wees, 'n dranksmokkelaar sou homself moes uitdroog om genoeg vog in hom te kry om te spoeg. Dis reg. Dit sou wees, o, dit sou anders wees! Maar vandag verkoop hulle whisky vir daardie mense en arresteer hulle dan omdat hulle drink. O God, wees genadig! Politiek, kerk, en alles is beslis onseker klank, onsekerheid.

83 "Kom en sluit aan, kom en sit jou naam op," dis nie die idee nie. Kom en word gebore, kom en sterf, kom en verrot vir jouself en jou eie gedagtes en laat Christus inkom, en 'n nuwe skepsel word; dis die idee.

84 Onsekerheid in nasionale, onsekerheid in werksgeleenthede, onsekerheid in die huis, onsekerheid klank in politiek, onseker klanke in kerke. Wel, selfs die lewe self is onseker. Ons weet nie wanneer ons gaan nie, maar daar's een ding seker, ons weet ons moet gaan.

85 Soos die ou slagspreuk is: "Daar's twee dinge wat seker is, dis belasting en die dood." En jy gaan albei van hulle trotseer, so waarom nie voorberei daarvoor nie? Dis reg.

86 Onsekerheid van die lewe, onsekerheid van die kerk, soveel onseker. Dan sê jy: "Broer Branham, jy neem ons beslis uit op uiterste. Is daar enigiets wat seker is?" Ek sou hier kon staan en 'n lys van dinge lees, hier, wat onseker is. Nasie is onseker, onseker klank, wie weet wat om te doen? Werk, politiek is onseker, kerk is onseker, huislike lewe is onseker. Wat is seker? Is daar enigiets wat seker is? Ja, daar's een Ding wat ek julle sal waarborg wat seker is, dis die Woord van God. Dis reg.

87 In Matthéüs die 24ste hoofstuk en die 35ste vers, het Jesus gesê: "Hemel en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nooit faal nie." Net so seker as wat God enigiets sê, *dis* net so seker dit gaan gebeur.

88 Voor daar 'n wêreld was, voor daar was, vierduisend jaar voor Christus ooit gebore is, het die Bybel gesê, was Hy die Lam van God, geslag vanaf die grondlegging van die wêreld. Want toe God se program geskets is, en Hy geweet het wat sou gebeur, in Sy groot verstand het Hy geweet dat Hy Sy Eie Seun sou moes doodmaak om die wêreld te red, en dit was afgehandel sodra God dit gespreek het. Amen.

89 Wanneer God enigiets sê, is dit net so Ewig as wat Hy is; Dit kan nie faal, God se Woord nie. Jesus het gesê: "Beide Hemele en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nooit faal nie." O, Dit is beslis seker, daar's geen onsekerheid Daaroor nie.

90 Dit mag jou vreemd laat optree wanneer jy Dit ontvang, jy mag dalk nie optree soos jy altyd het nie, en dis een ding wat ook seker is. Paulus het gesê: "Die lewe wat ek nou lei," hy moes eenmaal 'n ander soort lewe gelei het, en tog is hy godsdienstig grootgemaak, maar hy het 'n nuwe soort Lewe gehad: "nie ek nie, maar Christus lewe in my." Sien, hy het oorgegaan van een lewe na 'n Ander. En net so seker as wat jy die Woord van God in jou hart ontvang, dan sal jy Ewige Lewe hê en sal jy vreemd optree, vreemd lyk, en anders wees as wat jy was.

91 Laat ons nou net teruggaan vir 'n paar oomblikke, omtrent tien minute, en party van hulle nagaan wat het, manne in vorige tye, wat net gerus het op die sekerheid van God se Woord wat uitbasuin.

92 Noag, ver terug in die begin, in die. . .voor die sondvloed vernietiging, miskien 'n boer buite in die veld, maar eendag het hy God ontmoet. En God het vir hom gesê dit gaan reën. Noag was net so seker dat dit sou reën as—as wat hy seker was hy was Noag. En hy het gegaan en 'n ark gereedgemaak om sy huisgesin te red, omdat hy seker was dat dit sou reën.

93 Maak nie saak hoe onwetenskaplik dit gelyk het nie, maak nie saak hoeveel die *wetenskap* hom kon bewys daar's nie een druppeltjie water daarbo nie, daar kon nie 'n wolkvorm wees nie, daar kon nie *dit, dat*, of die *ander* wees nie, maak nie saak hoe wetenskaplik dit gelyk het nie, hy was seker dit gaan reën, en hy het reëlings daarvoor getref. Amen. Dis die manier, broer, wanneer jy seker is, tref reëlings daarvoor.

94 As jy seker is, vanaand, dat jy nie siek hier uitgaan nie, as God dit aan jou geopenbaar het, jy nie uitgaan nie, tref reëlings. As jy sê: "Ek's kreupel, ek—ek—ek kan nie loop nie, maar ek's seker in my hart, God het 'n rukkie gelede met my gepraat en gesê: 'Vanaand gaan jy uit hierdie gebou uitstap,'" maak net gereed, jy gaan uit. Dis reg. Wees seker in jou hart. Wanneer God spreek, is dit seker, seker vir Ewig wanneer God spreek, glad geen onseker klank daaroor nie.

95 Moses, 'n man wat slim was, hoogsgeleerd, slim geleerde, kon selfs die Egiptenare leer, hy was 'n militêre man, word vir ons

vertel, het al die genie van—van militarisme geken, en hy het uitgevind dat hy gefaal het in sy militarisme, toe hy die hele leër van—van Farao agter hom gehad het, en die troonopvolger sou wees.

96 Maar eendag, nadat hy weggehardloop het en buite in die woestyn was vir veertig jaar, getroud, gevestig, 'n vrou en kind gehad het, eendag aan die agterkant van die woestyn, 'n ou man, tagtig jaar oud, met lang wangbaarde, wat skape opgepas het, het hy 'n blik op 'n brandende bos gekry, voor daardie bos gestaan en God hoor sê: "Sekerlik, Ek sal met jou wees, gaan af Egipte toe." En Moses was seker dat niks hom sou pla nie. Hy het geweet dat hy sou afgaan om die mense te verlos, want hy was seker God het hom die waarheid vertel, want hy het geweet dit was God, en hy het geweet dit was God se plan en God se Woord om hulle te verlos.

97 Nou, as Moses so seker kon wees, vir een ou man om af te gaan en 'n volk uit 'n volk te neem, watter groter sekerheid behoort ons te hê wanneer ons God se Woord lees en sien dat hierdie, ons lewe in hierdie tyd waarin ons nou lewe, ons behoort so seker te wees van 'n komende herlewing, ons behoort so seker te wees van die uitstorting van die Heilige Gees, ons behoort so seker te wees van ons genesing, God het so gesê, dit handel dit af.

98 Moses was heeltemal seker dat Israel verlos sou word, hy het nie geweet hoe nie, hy het niks in sy hand gehad behalwe 'n ou stok nie, maar hy het in elk geval soontoe gegaan. Hy het nie geweet hoe dit gedoen sou word nie, maar hy het geweet dat God met hom gepraat het en hy was op sy pad, hy sou daar kom en God laat doen wat Hy wou nadat hy daar gekom het. So dis die manier.

99 Julle sê: "Broer Branham, ek het kanker. Hoe kan ek seker wees?" Laat God met jou praat, aanvaar die Woord. "Wel, die dokter het gesê. . . " Ek weet die man het alles gedoen wat hy vir jou kon doen, sonder twyfel, maar as God met jou gepraat het, wees net seker dat dit God is en beweeg dan aan.

100 God met jou praat, jy God sien, Sy krag sien, Sy opstanding sien, Sy werke, en Sy tekens sien, en jy weet dat Hy hier is, aanvaar Hom dan en aanvaar Sy Woord. As jy dit ver onder in jou hart kan voel dat dit waar is, gaan dan net reguit aan, tref voorbereidings, want alles gaan reg wees.

101 Daardie dogtertjie, waarvan ek hier gepraat het, nou die aand, miskien is die dametjie hier vanaand, met die baba wat daardie opgetrekte voet gehad het, van Zion, sy was so seker dat daardie baba sou loop, sy het 'n paar skoene daarvoor gekoop, julle sien, en afgekom dat daar daarvoor gebid kon word.

102 Toe, toe sy oor die platvorm gegaan het om vir haar te bid, het sy gekyk en die baba het sy voet probeer, en dit was niks beter nie, so sy het afgegaan na Moeder toe, en Moeder het geweet ek

was uit na die kantoor toe, so sy het die meisie soontoe gestuur. Die meisietjie het ingekom, en ek het gesê: “Was jy nie die dame wat gisteraand voor gebid is nie?”

103 Sy het gesê: “Ja.” Gesê: “Maar, jy weet, die Here het met my gepraat, en vir my gesê om my baba na jou toe te bring, en wanneer jy jou hande op my baba gelê het, sou dit loop.”

Ek het gesê: “Wel, dan is dit—dis al wat nodig is. God het dit gesê, dat—dit—dis al wat jy hoef te doen. Glo dit net.”

Gesê: “Maar die baba loop nie.”

Ek het gesê: “Dit het niks daarmee te doen nie. As jy seker is, sal jy nie bevraagteken nie.”

104 So ons het gebid en hande op die baba gelê, en ek het gesê: “Suster, ek kan staan en dit nou heeldag doen, as jy seker is en jy glo dit regtig, sal dit gebeur, sal dit beslis so wees.”

105 En toe, toe sy begin het, wou sy my iets anders hoor sê. Arme outjie, dametjie, ek hoop . . . Sy mag . . . Is jy hier vanaand, Suster, van Zion, nou die aand daardie baba hier gehad het? Is jy in die gebou? Steek jou hand op as jy is. Ek was . . . Sy was . . .

Party van julle was hier nou die aand toe sy hier was. Enigiemand wat hier was, toe sy nou die aand hier was? Ja, ons . . . Goed.

106 Nou, sy was seker dat die Here daardie babatjie sou genees, maar sy wou hê ek moes iets daarvan sê. Wel, ek het alreeds vir die broers daar gesê ek het gesien die baba was reg, maar wou net sien wat sy daaraan gaan doen.

107 So toe sy uit die kamer uitgegaan het, soort van ’n bietjie teleurgesteld, soort van gehuil het, sy het omgekyk, haar man het uitgegaan, so toe, toe sy omgekyk het, het sy gesê: “Eerwaarde Branham?”

En ek het gesê: “Ja, dame.”

Sy het gesê: “Is dit God se wil vir my baba om kreupel te wees?” Sy wou net hoor wat ek sou sê, het dit net uitgetrek.

Ek het gesê: “Nee dame, dis nie.”

Sy het gesê: “Dankie, meneer.” By die deur het sy uitgegaan.

108 En omtrent ’n week daarna, het die babatjie se been gesak, normaal en gesond. Sien? Sien, hou net daaraan vas, kry ’n houvas op *iets*, hou vas daaraan. Seker! Ja, meneer.

109 Moses was seker dat God Israel sou verlos.

110 Elía, bo-op die berg, in die dae toe hy gedink het hy was die enigste een wat oorgebly het, God het hom soontoe geneem en hom gevoed met die kraaie, en hom aan die lewe gehou totdat hy sy profesie kon vervul, het Hy hom net van die veld afgehaal. Daaronder in die dae van Agab, het al die kêrels ingegee, maar hulle het een ou kêrel daaronder gehad, wat nie wou ingee nie, dit

was Elía, hy het steeds vir Isébel gesê dit was verkeerd vir haar om so op te tree. Maak nie saak wat die res van hulle gedoen het nie, hy het dit net vir hulle gegee net so hard as wat hy kon.

111 Eendag het God gesê: "Nou, jy het genoeg geprofeteer teen hulle, kom van die veld af, en Ek gaan die oordele van jou profesie op hulle laat reën." So Elía het teen die berg opgegaan, daarbo vir drie-en-half jaar, of, drie jaar, toe hulle almal besig was om hulle tonge te kou van pyn, maar hy het gesit by 'n spruitjie, fonteintjie, hy het die heeltyd geestelike openbaring gehad, waters van die lewe wat opgestoot het. Die res van hulle . . .

112 En luister, broer, suster, laat ek vir julle sê: een van hierdie dae wanneer God net genoeg gehad het van hierdie hierrond, en sal Hy al die egtes van die veld afhaal en dan sal julle 'n herlewing wil hê. Dit moet gebeur, die profeet het gesê daar sal 'n tyd wees in die laaste dae, wanneer daar nie 'n hongersnood sou wees net na brood en water nie, maar om die Woord van God te hoor. En die ware diensknegte sal weggeneem word, en daar sal 'n hongersnood wees in die laaste dae, dit sal beslis wees.

113 Nou, let op, maar God het hom toe vertel van waarom Hy hom uit sy winterslaap daarbo uitgebring het, Hy het gesê: "Gaan, roep Agab, en bring hom op na die top van die berg." En toe, toe Elía so seker was dat dit God was wat vir hom gesê het om dit te doen, totdat hy vierhonderd priesters geroep het, en hulle het 'n bul daar gesit, en heeldag gebid, en Elía het rondgeloop en hulle bespot.

114 Hy het gesê: "Waarom skree julle nie 'n bietjie harder nie, miskien agtervolg hy, miskien is hy aan die slaap, of wil nie gesteur word, of iets nie." Gesê: "Roep 'n bietjie harder na hom." En net met hom gespot, terwyl hulle was . . . Waarom? Want hy was seker. Hy het geweet daar was geen krag in daardie afgod nie, en hy was seker dat hy in kontak was met die lewende God.

115 Dis die rede vanaand, broers, ek sê dit met liefde en respek, ek weet daar's geen herlewing in organisasie-isme nie, maar ek weet daar is 'n lewende God Wat wel 'n herlewing het, laat ons teruggaan soontoe. Ek's seker daarvan, ek's seker daarvan, ek weet dat dit die waarheid is. God sal dit nooit doen nie, nêrens het hulle ooit opgestaan nie en hulle sal nooit. Maar God sal 'n volk uit daardie mense neem om Sy Naam's ontwil, Hy sal dit doen.

116 So Elía was, toe hy dit neergesit het, daardie twaalf rotse daarbo, en die bul neergesit en dit geslag het, en net presies soos God vir hom gesê het, was hy net so seker dat daardie Vuur sou val as wat hy seker was hy was Elía.

117 Niks, daar's geen Vuur daarbo nie, en daar was geen water daarbo nie, dit het vir drie jaar en ses maande nie gereën nie. En hy het daar uitgestap net so koel en stil, want hy was seker. Hy hoef nie te gesê het nie: "Nou, broers, ek sal uitgaan en probeer.

Ek—ek sal sien . . . " Nee, nee. Die Stem het met Elía gepraat, Elía was seker Dit was God. Amen. Wanneer jy seker is dat dit God is, moet iets gebeur.

118 Elía het daar uitgestap en gesê: "O God van Abraham, Isak, en van Israel," julle let op, hy het hom nooit op sy naam van bedrieër, Jakob, genoem nie, hy het hom op sy prinsnaam genoem, Israel, "God van Abraham, Isak, en Israel, laat dit vandag bekend wees dat U God is en ek U profeet is." En omtrent daardie tyd het die Vuur begin val. Hoekom? Hy was seker dit sou val. Hy het gesê: "Ek het dit alles gedoen op U bevel."

119 Wanneer jy seker is van enigiets! Daar's 'n een Klank waarvan jy seker kan wees, en dit is God se Stem. God se Woord is seker.

120 Dawid, hy het God beproef. Eendag toe hy skape opgepas het, het 'n beer ingekom en een van hulle gekry, hy het 'n slingervelletjie geneem en die beer platgeslaan. Nou, julle weet 'n klippie in 'n slingervel sal nie 'n beer platslaan nie. Toe het 'n wrede leeu hier ingekom, die, een van die kleintjies gegryp en uitgehardloop daarmee. Dawid het agter hom aangegaan, die Here vertrou, en hy het daardie klip gegooi en die leeu platgeslaan, die leeu doodgemaak.

121 Toe het hy eendag daarbo gestaan en 'n onbesnede Filistyn sien opstaan en sê: "Die dae van wonderwerke is verby. Daar's glad nie so-iets soos hierdie goed nie."

122 En ou Dawidjie, miskien met krom skouers, ensovoorts, hy het gesê: "Wil julle vir my sê dat julle daar sal staan en daardie onbesnede Filistyn die leërs van die lewende God laat uitdaag?" Hy het gesê: "Ek sal teen hom gaan veg."

123 En goeiste, toe hy, Saul probeer het om sy—sy Ph.D. op hom te plaas, wel, het dit hom glad nie gepas nie. Hy het niks geweet van hoe om: "*Amen*" net reg te sê nie, julle weet, ensovoorts. En hy het gesê: "Ek weet niks van daardie goed af nie, ek weet niks daarvan nie, maar ek het iets wat ek vertrou het. Ek weet nie wat God vir my sal doen met 'n Ph.D. nie, maar ek weet Hy—Hy het dit vir my gedoen," en hy het gesê: "die God Wat my 'n leeu laat doodmaak het met hierdie slingervel, die God Wat my 'n beer laat doodmaak het met hierdie slingervel, hoeveel te meer," amen, "hoeveel te meer sal Hy daardie onbesnede Filistyn in my hande gee!"

124 Mans en vroue, vriende, besef julle die God van die Hemel wat Christus Jesus uit die dood opgewek het, Hy is nie dood nie, maar Hy's lewendig? En as Hy Sy Woord vir Dawid gehou het, as Hy Dit gehou het vir Elía, as Hy Dit gehou het vir Moses, as Hy Dit gehou het vir die Hebreeuse kinders, as Hy Dit vir Daniël gehou het, sal Hy Dit vir my en jou hou, as ons seker is dat Dit God is. Halleluja! Goeiste, ek voel nou net godsdienstig. Ja, meneer.

125 Ek het geweet daardie aand. . .Iemand het gesê: "Broer Branham, is jy nie bang vir 'n fout nie?" 'n Fout? Hoe kan God 'n fout maak? Sekerlik. Daardie Engel het daardie aand daar opgekom en gesê Hy stuur my om hierdie sekere ding te doen, oor die visioene, ensovoorts. Om die wêreld het ek daarmee gegaan, met allerhande soorte mense en allerhande soorte plekke, en nie een keer het dit gefaal nie. Hoekom? Ek is seker dit was God. Dit kom volgens Sy Woord, dis volgens Sy Gees, dis volgens Sy natuur, en dis presies betyds vir Abraham se Saad.

126 Ek kan sien waarom die nominale kerke dit nie sal ontvang nie; ook het daardie Engel nie afgegaan en vir Lot-hulle gepreek nie, Hy het daarbo gebly by die Uitverkorenes. Hulle het een gehad wat soontoe gegaan en vir daardie groep daaronder gepreek het.

127 En dis waarom hulle—hulle vir my gesê het, toe ek my klein Baptiste kerkie verlaat het, gesê: "Jy gaan 'n holy-roller wees, gaan meng met daardie holy-rollers."

128 Ek het gesê: "Ek weet nie wat hulle is nie, maar as—as God my na hulle toe stuur, het Hy 'n Boodskap vir hulle." Dis reg. As God 'n Boodskap gee, gaan iemand dit iewers hoor. Amen.

129 Dis wat Johannes gedink het toe hy uit die woestyn gekom het, daardie Elía van die Nuwe Testament, geharde man, hy het gesê: "God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te rig." Hy was seker van sy Boodskap, hy het geweet dat dit waar was. Hy het geweet dat hy gebore is en die Heilige Gees in sy moeder se skoot ontvang het deur die Naam van Jesus Christus.

130 Nege jaar oud, het hy in die woestyn ingegaan sonder geleerdheid, daarin gebly tot hy dertig was, sonder klere uitgekom, net 'n stuk skaapvel om hom gedrapeer, en hy het die Boodskap gepreek wat die streke rondom geskud het. Amen. Wel, hy was seker!

131 En toe hy daardie Heilige Gees soos 'n Lig gesien het, wat daar afgekom het met twee vlerke Daaraan, afgekom op Jesus, het hy gesê: "Ek het Hom nie geken nie, maar Hy wat met my gepraat het in die woestyn en gesê het: 'Op Wie jy die Gees sal sien neerdaal, en bly, Hy is die Een wat met die Heilige Gees en Vuur sal doop.' Ek is seker daarvan."

132 Toe hy 'n bietjie moeg geword het, waaroor ons nou die aand gepraat het, het Jesus gesê: "Gaan, wys vir Johannes wat gebeur het." Wees seker. Wees seker dis 'n sekere klank.

133 Nou, Simeon, dit is aan hom geopenbaar, deur die Heilige Gees, dat hy nie die dood sou sien nie, en tog was hy 'n baie ou man, hy sou nie die dood sien voordat hy die Here se Christus gesien het nie. Hy was nie skaam nie, hy het rondgegaan en vir almal gesê: "Ek gaan nie sterf nie, ek gaan die koms van die Christus sien."

134 Wel, ek kan hulle hoor sê: "Arme ou kêrel, hy's net 'n bietjie ontsteld. Hy word nou oud, julle weet, en hy, ek reken sy gedagtes gaan 'n bietjie, julle weet." Dit laat jou dinge doen en optree soos jy nog nooit tevore opgetree het nie, wanneer jy seker is, wanneer jy regtig seker is.

Simeon het gesê: "Nee, ek gaan nie sterf voordat ek die Christus sien kom het nie."

135 "Nou," gesê: "dink, Dawid het na Hom gesoek, Moses het na Hom gesoek, en duisende jare gelede het hulle na Hom gesoek. En nou hier is ons in Romeinse gev- . . . Wel, hoe in die wêreld kon hy dit ooit sien? Arme ou kêrel, moet julle net nie aan hom steur nie."

136 Dit het hom nie gepla nie, het hy rondgegaan en gesê: "Glorie, ek gaan nie sterf voordat ek sien die—die Christus sien kom nie, ek gaan dit sien." Eendag toe hy agter in sy studeerkamer was daarbuite, is Jesus in die tempel ingebring vir die besnydenis, die reiniging van Maria, toegedraai in doeke en—en sy het gestaan, die klein maagd.

137 En die mense het hulle afstand van haar gehou omdat Hy 'n slegte naam gehad het om mee te begin, hulle het gesê Hy is buite die heilige huwelik gebore. En ek kan my daardie eiegeregtige skynheiliges voorstel, julle weet, nooit enigiets te doen gehad het met so-iets nie, hulle het hulle afstand gehou. En, maar sy het geweet Wat sy in haar arms vasgehou het, sy het geweet Wie se Seun Dit was.

138 En dis wat ek vandag sê: jy kan 'n ware wedergebore Christen 'n fanatikus noem, of 'n holy-roller, of wat jy ook al wil, as hy weet Dis die Heilige Gees, sal jy hom nooit skud nie. Nee, meneer. Jy sal nooit enige probleem met hom hê nie. Hy weet Wat daarin is, hy weet waar Dit vandaan gekom het.

139 Soos ek altyd gesê het, al hierdie bastergodsdiens wat hulle hierdie dae het, as daar enigiets is wat ek haat, is dit hierdie bastergoed waarvan hulle praat, *dit* verbaster. En ek dink die wetenskap het by 'n punt gekom waar hulle—hulle hulle eie argument weerlê het.

140 Julle weet, hulle sê dat die mens geëvolueer het van, net gekom het van 'n aap en opgekom het, en kry 'n, van 'n paddavissie af en opgekom, maar Génesis 1:26, het dit gesê: "Laat elke saad voortbring van sy soort." Ek glo God het ape gemaak. Ja, meneer. Ek glo God het alles gemaak. Maar Hy het die mens gemaak, en die mens het nooit deur evolusie gekom, ape mense geword nie. God het voëls en alles aan die begin gemaak, en dit bewys dit.

141 As jy enigiets verbaster en dit kruisteel, kan dit nie homself weer terugkruis nie. Dis reg, dis dood. Gaan net, sê: "Bastermielies, bastermielies, sulke pragtige mielies." Ek weet,

maar is niks werd nie, jy kan dit nie plant nie, sal nie meer terugkom nie. Dis reg, dis verby.

142 Jy vat 'n muil, 'n muil, 'n muil is die ergste ding wat daar is. Julle weet, hy—hy—hy's—hy's nóg perd, nóg muil, en hy—en—en—en hy weet regtig nie eens wat hy is nie. Dis reg. En sy ma was 'n merrie en sy pa was 'n donkie, so hy—hy—hy weet nie waar hy hoort nie. En hy kan homself nooit weer terugteel nie, 'n muil kan nie 'n muil hê nie, dis verby. Julle weet dit.

143 En dis net hoe party van hierdie godsdienste vandag is, muilgodsdiens. Dis reg. Jy kan praat van dae van wonderwerke, die Heilige Gees, en al hierdie dinge. En het julle al ooit 'n ou muil gesien? Hy is onkundig, hy lig net sy ou groot ore op en kyk net na jou. Hy het geen sagmoedigheid en geen gevoel van saggeaardheid nie. En jy kan niks met hom doen nie, hy sal sy hele lewe wag om jou te skop, en dan wag tot jy sterf, en dan wanneer hy op sterwe is, sal hy jou skop.

En hy sal daar staan met daardie groot ore, sê: "Komaan, jong. *Sjoe*, *sjoe*, *sjoe*."

Hy sal net: "*Hô*, *hô!*" Julle sien, hy weet niks, hy's verbaster.

144 Dis die probleem met van hierdie bastergodsdiens. Jy kan sê: "Jesus Christus dieselfde, gister en tot in ewigheid."

145 Hulle skree: "*Hô*, *hô!* Dae van wonderwerke is verby, daar's glad nie so-iets nie." O, goeiste! Geen wonder die Bybel het gesê hulle sou word soos 'n veld vol muile nie. Dis reg. O, dis, dis reg, dis verbaster. Wat het julle probeer doen? 'n Bietjie van die wêreld met die Kerk meng. Dis wat in die begin begin het, 'n basterkerk. Ons nie . . . ons is . . .

146 Maar julle weet een ding wat saggeaard is, een ding waarvan ek hou, is 'n goeie, volbloedperd. O, goeiste! Daardie volbloedperd kan vir jou sê wie sy pappa was, wie mamma was, wie sy oupa was, ouma, oor, oor, oor, oor, oor, oorgrootjie, teruggaan, hy's volbloed. Dis hoe ek graag 'n volbloed Christen wil sien, amen, een wat weet wie sy pappa is en wie sy mamma is.

Jy sê: "Is jy 'n Christen?"

147 "Ek's 'n Metodis." Wel, dis 'n goeie belydenis dat jy nie 'n Christen is nie. "Ek's 'n Baptis." "Ek's Presbiteriaan." "Ek's Pinkster." Broer, ons is Christen omdat ons 'n volbloed is, gebore uit die Heilige Gees. Ek weet Wie my Vader is. Amen.

148 'n Christen is 'n Christen! Jesus het gesê: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen, vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg," 'n volbloed Christen, een wat gevul is met die Heilige Gees. Geen onseker klank daarvan nie. Nee, meneer. Dis reg. Dis hoe dit geklink het op die Pinksterdag, so klink dit nog steeds dieselfde ding. En dis 'n ware, seker klank. Dis reg. Dis een goeie, seker klank. Ja.

149 Simeon, hy was seker hy sou Hom sien.

150 Jesus was seker van die Vader se Woord. Wel, sekerlik. Toe Maria daar gekom, en—en sy gesê het, of Martha, liewer, sy gesê het: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie. Maar selfs nou, wat U God ook al vra, sal God doen."

151 En Hy het gesê: "Ek is die Opstanding en die Lewe. Hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe. Wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterf nie. Glo jy dit?"

Sy het gesê: "Ja, Here, ek glo dat U die Seun van God is, soos U sê U is. Ek glo U is daardie Messias wat in die wêreld sou inkom."

Gesê: "Waar het julle hom begrawe?"

152 Nou, Hy het nie gesê: "Ek—Ek sal afgaan en kyk wat Ek daaraan kan doen nie." O, nee. "Ek sal hom gaan wakker maak." Nie: "Ek sal gaan probeer nie." "Ek sal!" Amen. Dis seker. Jesus het gesê Hy het niks gedoen totdat die Vader Hom gewys het nie, dis Johannes 5:19: "Ek doen niks totdat Ek die Vader dit sien doen, My eers wys nie." En die Vader het Hom gewys dat Lásarus sou opstaan uit die dood, daarom voor enigiets gesê is, het Hy gesê: "Ek sal gaan en hom wakker maak." Nie: "Kyk of Ek kan nie."

153 Hy het gesê: "Ek het mag om My lewe af te lê, en om dit weer op te neem." Niks onseker daaraan nie, nie iets onseker daaraan nie. "Maak julle My dood, vernietig julle hierdie tabernakel en Ek sal dit weer opbou binne drie dae." "Vernietig hierdie, Ek sal!" "Ek sal probeer en kyk wat gebeur"? "Ek sal!" Want Dawid het gesê: "Ek sal nie Sy siel in die hel los nie, en Ek sal nie toelaat dat My Heilige verderwing sien nie." Hy het geweet binne twee-en-sewentig uur begin verderwing, en iewers, voor daardie twee-en-sewentig uur om was, sou Jesus se liggaam opstaan uit die dood. Niks onseker daaraan nie, Hy het God se Woord totaal vertrou. Amen. Alles wat Hy gedoen het, het Hy God daarmee vertrou.

154 Nou, Hy het gesê: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." Niks onseker daaraan nie, Hy het gesê dat dit seker was: "Hy sal." Hy het Sy Kerk opdrag gegee, gesê: "Gaan in die hele wêreld in, en verkondig die Evangelie. Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg, in My Naam *sal* hulle duiwels uitdryf, *sal* hulle met nuwe tale praat. As hulle slange opneem of iets dodeliks drink, sal dit hulle nie skaad nie; as hulle hulle hande op die siekes lê, *sal* hulle gesond word." Daar's niks onseker daaraan nie. Dis reg.

155 Jesus het gesê: "In die laaste dae," of, die Gees het gesê, die Bybel, het gesê: "mense sal roekeloos wees, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God, kwaadsprekers, onversoenlik, en veragters van die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, wat 'n gedaante van godsaligheid het en die krag

daarvan sou verloën." Niks onseker daaraan nie, ons het hulle. Amen.

156 Daniël het gesê die mense wat hulle God geken het in hierdie dag, sou dade doen. Daar is niks onseker daaraan nie, God het so gesê, ons het dit. Amen. Daar's niks onseker daaraan nie.

O, iemand het gesê: "Broer, die Heilige Gees was daarvoor, vir die Pinkstermense destyds daar."

157 Petrus het op die Pinksterdag gesê: "Bekeer julle, en word elkeen van julle gedoop in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van julle sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe, julle kinders, en hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep." Niks onseker daaraan nie, hulle sal Dit ontvang. Dis reg, hulle sal. Elkeen, soveel as wat die Here God roep, wel, Hy gaan hulle die Heilige Gees gee. As hulle net die instruksies sal volg, dis al wat hulle hoef te doen, niks onseker daaraan nie, nee.

158 Jesus het gesê: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook." Hy het gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die dae van die koms van die Seun van die mens," hoe die Engel van die Here sou afkom, en, onder die mense en hierdie tekens en wonders wys, die wonders van Sy opstanding. Hy was uit, op uit die graf tweeduisend jaar, die wêreld glo dit nie. Maar Hy . . . "Omdat Hy lewe," het Hy gesê: "kan ons ook lewe." Daar's niks onseker daaraan nie.

159 Die werke wat Hy gedoen het, kan ons ook doen, daar's niks onseker daaraan nie, al Sy beloftes is: "Ja," vir ons. Ons lewe in die laaste dae, ons sien alles net presies soos Hy gesê het, so daar's niks onseker nie. Jy kan dit glo, jou vertroue daarin plaas.

160 Paul Rader, baie van julle onthou hom, van Chicago hier, 'n groot man van God, het hier gesterf 'n paar jaar gelede. Ek was altyd lief vir Paul. En ek het hom 'n paar keer gehoor toe ek 'n seun was. En toe het ek in Rediger se Tabernakel gesit daar, in die kamer waar hy daardie lied geskryf het, *Glo Net*, wat my na die preekstoel gelei het met honderde verskillende tale, reken ek, oor die wêreld, *Glo Net*. En ek wonder of Paul geweet het dat daardie ou kêreltjie, wat daarbuite sit met 'n oorpak aan, 'n lied sou neem en dit om die wêreld neem, die een wat hy geskryf het.

161 Ek het daar gesit, 'n byeenkoms hier gehou 'n tyd gelede, en dit het oor die mikrofoon ingekom, ek het net gekniel en gehuil, omdat ek geweet het dat hy so 'n groot man van God was.

162 Hy het eenkeer 'n storie in sy boek vertel, ek het dit gelees. Ek dink hy het van Oregon af gekom, en hy was 'n houtkapper, hy was 'n sterk man. Luke was 'n baie sterk man, sy broer. En so, het Paul gesê hy, by, oorkant in, ek glo dit was een of ander vreemde land waarin hy was, hy was, hy het swartwaterkoors gekry, of iets, hy was—hy was op sterwe.

163 En hy het vir sy getroue vrou gesê om by hom te bly, want hulle kon nie 'n dokter daarin kry nie, dit was so afgeleë. En dit het donkerder bly word in die kamer, en hy het gesê: "Skat," hy het gesê: "bly by my, hou net aan bid, hou aan bid." Paul was 'n groot gelowige in Goddelike genesing. En so, hy het net hier gepreek in hierdie stad by die tabernakel hieronder. En so, hy het daarin geglo, hy het sy vrou gekry om aan te hou bid. So maak nie saak wat gebeur nie, hou net aan bid.

164 Hy het gesê dit het donkerder en donkerder geword in die kamer, en uiteindelik het alles swart geword. En hy het gesê hy het gedroom, hy het gedink hy was weer terug in Oregon. En hy was. . .Die baas het vir hom gesê, van die houtkamp waar hy altyd gewerk het, gesê: "Paul, gaan op teen die heuwel en kap vir my 'n sekere boom, 'n sekere grootte, en bring dit af hiernatoe."

165 Hy het gesê: "Goed." Gesê hy het teen die heuwel opgehardloop, en hy kon die denne ruik, en sy longe wat inasem, julle weet, die reuk, hoe 'n persoon wat in die woude woon, net kan geniet. En gesê hy het die boom afgekap, en dit skoongekap, die byl daarin gesteek, en die boom gevat en hy kon dit net nie oplig nie. Gesê hy het sy knieë teen mekaar gesit en sy rug gebuig, die sterkste deel van die man is in sy rug en spiere, hy sou lig en lig. En gesê, wel, hy kon 'n boom twee keer so groot oplig, maar op een of ander manier, het hy daarmee geworstel, en hy het daarmee geworstel, en hy het daarmee geworstel, en hy kon net eenvoudig niks daarmee doen nie.

166 Dis hoe baie mense maak, hulle net, hulle neem 'n Woord, en hulle probeer Dit *hiernatoe* laat gaan en Dit *hier* maak, of Dit *daar* maak, en stoei Daarmee, en stoei Daarmee, neem Dit deur kweekskole, en kap Dit *hier* af, en 'n Griekse woord Daarvan maak *hier* en 'n Hebreeuse woord Daarvan *hier*, en voor jy jou kom kry, word dit *so*, en nie 'n Woord van God nie. Sien? Jy stoei net Daarmee en stoei Daarmee.

167 Jy neem Dit oorkant na Dr., Ph.D. John Doe, en vra hom wat hy Daarvan dink. En oor na Ph.D. Sam Doe, en hom gevra wat om Daarvan te dink, en hy het gesê: "Wel, dis verstandstelepatie." Die ander een het gesê: "Dis fanatisme." En voor jy jou kom kry, worstel jy net Daarmee en worstel Daarmee.

"Wel, ek was onder by die diens en—en eerlikwaar, ek het die Gees van God sien afkom. Ek het iemand in onbekende tale hoor praat."

"Dis die duiwel."

"Ja, en ek het mense hoor skree."

"O, dis opgewondenheid."

168 "En ek het 'n man op die platvorm sien staan, en deur die krag van onderskeiding mense vertel wie hulle was, en buite in

die dienste, en wat verkeerd was. En net soos die Bybel gesê het Jesus dit gedoen het, om die teken van die Messias te wys."

"Wel, ek sal my pastoor gaan vra."

Hy het gesê: "Ag, dis telepatie." Sien? Jy hou net aan worstel Daarmee en worstel Daarmee. Dis al. Jy sal nooit nêrens kom nie.

169 Uiteindelik, het Paul gesê, het hy uitgeput geraak, so hy het gaan sit, sy krag was uitgeput. Hy het net teen die boom gaan sit en teruggeleun, gesê: "Wat het van my krag geword?" Natuurlik was dit die koors op hom, dit gedoen het. En hy het gesê: "Ek—ek is net aan die einde."

Gesê naderhand het hy 'n baie sagte Stem gehoor, sê: "Paul?"

Hy het gesê: "Is dit my baas?" En gesê toe hy omgedraai het, was dit wel sy Baas, gesê hy het nog nooit 'n liefdevoller gesig in sy hele lewe gesien nie.

Hy het gesê: "Paul, waarvoor worstel jy daarmee?" Hy het gesê: "Sien jy daardie stroom water daar?"

Gesê: "Ja."

170 Gesê: "Daardie stroom water gaan reg af om die heuwel hier, en kom reguit na die kamp toe." Gesê: "Hoekom gooi jy dit nie net in die water, en klim daarop en ry soontoe nie?"

"O," het hy gesê: "ek het nooit daaraan gedink nie."

171 So hy het dit net in die water gegooi, begin afry oor die kabbelings, geskree so hard as wat hy kon: "Ek ry daarop! Ek ry daarop!" En gesê hy het bygekom, hy het in die middel van die vloer gestaan, en skree, so hard as wat hy kon: "Ek ry daarop! Ek ry daarop!" die belofte van God.

172 En vanaand, broer, is daar niks onseker omtrent God se Woord nie, ek ry Daarop. Dit sal my eendag na die Kamp toe bring. Ek weet nie hoeveel kabbelings ek sal moet oorsteek nie, maar ek ry daarop. Amen. Prys God.

173 Laat ons dit almal saam sê: "Ek ry daarop! Ek ry daarop!" Dis God se belofte. Ek ry daarop! Dis 'n seker klank, dis God se klank, dis Sy Stem. "Hemel en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nooit verbygaan nie." En ek ry Daarop vanaand. Hy het hierdie dinge belowe in die laaste dae, en ek glo dis hier.

174 Laat hulle dit noem wat hulle ook al wil, ek gee nie om nie, dit maak nie saak vir my nie, ek's seker dat dit God is. Amen. En ek ry daarop! Ek ry nou al vir een-en-dertig jaar daarop, en die rit word die heeltyd soeter, want ek nader die poort. Amen. Ek ry steeds daarop.

175 Wanneer die dood my liggaam tref, sal ek daarop ry, net aanhou ry. "Ek is die Opstanding en die Lewe," sê God: "hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe. Wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterf nie." Ek ry daarop, niks onseker daaraan nie, ek ry daarop. En Dis Sy Woord, en ek glo Dit met my hele

hart. Glo julle dit op dieselfde manier? Al die res is onseker, maar dis 'n seker klank: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook."

Laat ons net nou ons hoofde buig.

176 Daar is allerhande onseker klanke: dis onseker dat hierdie stad in die oggend sal staan, ek weet nie; dis onseker dat jy ooit by die huis sal kom vanaand, ek weet nie; dis onseker dat ek ooit weer in Chicago sal wees, ek weet nie; dis onseker dat ons ooit weer sal ontmoet, ek weet nie. Sien? Maar daar's een Ding wat seker is, dis God se Woord.

177 Ek weet nie hoe, langer sal ons . . . baie langer sal ons 'n nasie wees, hoe lank dit sal wees voor ons opgeblaas word nie, ek weet nie, dis onseker. Maar daar's een Ding wat seker is, dis God se Woord. Ek ry Daarop, vriende, ek glo Dit met my hele hart, met my hele siel. Ek ry Daarop.

178 Ons Hemelse . . .

['n Broer praat in tale en 'n ander broer gee uitleg—Red.]

179 O Here, hoe ons U dank daarvoor! Nou, Vader God, hierdie, ons sal sonder verskoning wees om nou te hoor, nie net dit nie, maar U profesieë hoor, hulle hoor praat in profesieë en dit sien vervul word, die beloftes van God te sien, van 'n opstanding, van 'n herlewing, van die wederkoms, en die groot Messiaanse teken van 'n herrese Jesus om voor die Heidene te verskyn, soos dit die Jode en Samaritane gedoen het, in hierdie laaste dag.

180 O Vader God, ons dank U hiervoor, ek dank U. Nou, daardie woorde God, wat van U af kom, dis sekerlik, nadat ek dit in die Bybel probeer bring het, en U dit hoor spreek het deur gawes van tale en uitleg, nou, bid ons dat U Jesus in ons midde sal laat inkom en hierdie as waar sal laat bevestig, sodat almal in staat sal wees om die voorreg te hê om te weet dat dieselfde Jesus, wat eenmaal by die kinders van Israel was, in die Wolk, wat die Vaderskap genoem is, ook onder die mens gewoon het in die Seunskap, en nou in die mens woon deur die Heilige Gees, Vader, laat hulle sien dat dieselfde aard van God dieselfde bly, wat in Jesus was, so is dit in die Kerk, en dieselfde werke hier in die laaste dae doen, waar die Kerk sy bestemming bereik het.

181 En nou die Messiaanse teken van die endtyd, die vernietiging is gereed, soos dit was vir die Jode in daardie dae, moes hulle daardie Messias ontken ten einde vernietiging te laat kom. En vandag lag die nasies, hulle spot Daarmee, en noem Dit elke onrein naam. En toe U dit gedoen het, toe U hier was, het hulle gesê: "Dit was Beëlsebub, 'n duiwel." En U het gesê U sou hulle vergewe, maar eendag wanneer die Heilige Gees kom, om een woord Daarteen te spreek, sou onvergeeflik wees.

182 En nou, Vader, sien ons dat die nasies huleself veroordeel het, hulle woorde, in hulle optrede. Die kerke, baie, baie mense het

veroordeel, en hulle eie ondergang weggeteken, om die Gees van God 'n onrein ding te noem.

183 Nou, hierdie is nog 'n geleentheid, vanaand. Ek bid, Vader, dat U elke siek persoon hier sal genees, elke ongeredde sal red, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

['n Suster praat in tale en 'n broer gee uitleg—Red.]

184 Amen. Dank God. Nou, volgens dit belowe Hy om hier te wees. Ek sou nie maak. . . Ek sou net 'n altaar-oproep maak, maar ek glo nou, ek voel die salwing van die Gees vir iets anders.

185 Ons het nooit vandag enige gebedskaartjies uitgegee nie, let julle op, so ons het nie die gebedskaartjies nie, maar ons het Christus. Hoeveel is siek daarbuite en wil genees word? Steek julle hande op waar julle ook al is. (Dankie, bewaarder.) Nou, waar. . . As ek die regte waarhede gepreek het en die regte ding gedoen het, dan is God verplig om te ondersteun wat ek gesê het. Nou, hoeveel van julle daarbuite wat weet dat ek julle nie ken nie, steek julle hande op, dat ek julle nie ken nie. Oral.

186 Julle Pinkstermense, behoort dit vir julle moeilik wees om my te glo? Kyk hier, ek wil julle iets hier wys, wat net onlangs geskryf is. Ek was by die Christen Sakemanne se ontbyt in Kalifornië, en ek het pas klaar 'n preek gepreek wat ek gedink het ek het elke organisasie uitmekaar geskeur en dit in stukke uitgelê het. En 'n Baptiste seun met die naam van Danny Henry, het opgekom om sy arms om my te sit om te bid, en hy het in onbekende tale begin praat. En daar was 'n dame wat daar gesit het van Louisiana, 'n Franse dame, sy het gesê: "Dis nie nodig om dit te vertaal nie," gesê: "dit was nie onbekende tale nie, hy het Frans gepraat."

187 'n Ander man het gesê: "Frans." En toe het hulle afgekom, hulle het dit bymekaar gebring, ons het dit hier, en elkeen het die vertaling gegee. En die tolk vir die V.N. was daar, en hy het opgestaan, gesê, afgekom. Die man het hier gesê, hy het hom nog nooit tevore en nooit daarna gesien nie, maar hy was die, sy naam genoem, wie hy was, die V.N. tolk, en hy het die vertaling gegee. Ek het dit hier uitgeskryf. Luister hier, julle mag dink ek is hard, kyk hier:

> *Omdat jy die smal weg gekies het, die moeiliker weg, jy het volgens jou eie keuse gewandel.*

Nou, ek kan dit verstaan. Moses moes wandel volgens sy eie keuse, hy hoef nie, maar hy—hy het sy besluit geneem. Dit was my besluit om by die Woord te bly, ongeag wat dit gedoen het. Sien julle? Ek kan sien. . .

> *Jy het dit gedoen volgens jou eie keuse. Jy het die korrekte en presiese besluit geneem, en dit is MY WEG.* (Dank God!) *As gevolg van hierdie momumentale besluit, wag 'n groot deel van die Hemel vir jou.*

Nou, hierdie man het nooit niks geweet van hierdie visioen nie, want ek het dit net 'n paar dae tevore gehad, sien.

> *Wat 'n glorieryke besluit het jy gemaak! Dit, op sigself, is dit wat sal gee, en laat gebeur, die geweldige oorwinning in die Goddelike Liefde.*

188 Dit is vertaal deur die V.N. tolk, deur 'n Baptiste seun wat sy arms om my kom sit het, en net 'n opmerking gemaak het, gesê het: "Daardie boodskap kan regtig by die Boek van Openbaring gevoeg word." Sien? 'n Seun wat my geken het—nie geken het nie. Hy's een of ander familie van een of ander filmster daar. En hy—hy het my nooit geken nie, 'n Baptiste seun, en hy—hy het net nadergekom om—om my te bedank, en sy arm om my gesit om te bid, en toe hy het, het die Heilige Gees begin praat in tale deur hom. En hier het mense daarbuite gesit net soos dit op Pinkster was. Dit was—dit was 'n taal wat hulle verstaan het, dit was hulle moedertaal, en daardie seun het nie een woord van—van Frans geken nie. Sien hoe dit is? Dis die Heilige Gees. Amen.

189 Hy's hier. Goed, bid nou. Ek het vir julle gesê in die Bybel het die Engel Sy rug gedraai na die gehoor. Iemand in hierdie dele hier oorkant, iemand in hierdie dele hier oorkant, bid jy vir God om iets vir jou te doen, kyk net of Hy steeds dieselfde Engel van God bly, of iemand op enige plek, waar dit ook al is.

190 Ek sal na julle broers kyk, ek wil hê julle moet glo, broers. Hierdie is die Christus wat julle so lank gepreek het, hierdie is die ding waarvoor julle gestaan het. Julle manne, as daar enige eer is om te gee, is dit aan julle almal, julle was hier buite, Pinksters, aan die preek, hier buite op die straathoek met tamboeryne en kitare, toe hulle gelag het, julle bespot het, het julle net 'n weg gebaan waaroor ek glad kon loop. Hoe kon ek kom en enigiets anders wees as julle broer? Julle het geprofeteer dat hierdie dinge sou kom, baie van julle, julle het dit in julle dienste gehoor. En ek is net hier om te vervul wat julle gesê het wat God se Woord sê. Sien?

191 Nou, iemand maak kontak met God, agter aan hierdie kant. Daar's 'n man wat agter my sit, iewers hieragter, hy bid, hy het iets verkeerd met sy sy. Hy het 'n senuweetoestand wat hom pla. (Is enigiemand op? Niemand op nie?) Ek kyk na die man net hier. Die man is 'n prediker. Hy's 'n Mennoniet. Sy naam is Mnr., Eerwaarde Miller. Staan op, aanvaar jou genesing. Ek's 'n vreemdeling vir jou, meneer. Ek ken jou nie. O, is wat gesê is, was dit die waarheid? As dit die waarheid is, sal jy weer opstaan? Goed.

Glo julle? Nou, wat het Jesus gesê? Hierdie dinge sou plaasvind.

Dieselfde Engel van God wat by Abraham gestaan en gesê het: "Waar is jou vrou, Sara?"

Gesê: "Sy is in die tent agter U."

En Hy het gesê: "Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe."

192 En Sara, soos ek julle verlede Sondag gesê het, dat familieverhoudings vir jare nie meer daar was nie, sy het gesê: "Sal ek weer plesier hê met my heer, daar buite, en hy wat oud is en ek wat oud is? Dit kon nie wees nie." En sy het gelag.

En die Engel het gesê: "Waarom het sy gelag, gesê dat hierdie dinge nie sou wees nie?"

Hy het gesê dit sou dieselfde ding wees aan die eindtyd. Hê julle geloof, glo.

193 Daardie gekleurde dame wat reg daaragter sit, vroueprobleme, wat op die punt van die ry sit. Ja, mevrou. Het jy 'n gebedskaartjie? Jy het nie een nodig nie. Jy het nie een nie, jy het nie een nodig nie. Het jy vroulike probleme? Is dit reg? Steek jou hand op. Het jy nie toe gebid: "Here, laat dit ek wees, vanaand?" As dit reg is, wuif jou hand soos *hierdie*. Goed. Jy het jou begeerte, gaan huis toe, Jesus Christus maak jou gesond.

As julle kan glo! Hê net geloof.

194 Hierdie man wat hier sit, tweede een van die einde af, wat daar ingekom het, net hier, jou kop gedraai en gekyk het, komplikasies en longprobleme ensovoorts. Glo jy dat Christus jou sal gesond maak?

195 Die groot kêrel aan die einde, tweede man agter, wat ingaan. Glo jy met jou hele . . . ? Ja, meneer, jy's die een. Net hier, die ander man net hier, meneer. Staan op jou voete. Hierdie is die man hier waarbo daardie Lig is. Goed, ontvang jou genesing. Gaan huis toe en glo dit. Amen. Ons is vreemdelinge vir mekaar, ek ken jou nie. Ek—ek ken jou nie, ons is vreemdelinge vir mekaar. Dis reg.

196 Hierdie vrou wat reg langs die man sit wat daarbo gestaan het, wil jy oor daardie diabetes kom? En glo met jou hele hart dat God jou sal gesond maak? As jy sal, staan op, sê: "Amen." Goed. Dis Hy.

Jy kan jou genesing kry as jy dit glo. Maar jy moet glo, nie waar nie?

197 Hierdie dame, ja, wat jou hand wuif, wat daaragter in die gehoor sit, glo jy daardie swelsel sal stop, jou dogter daar met epilepsie sal ophou om dit meer te hê? Mev. Smallwood, jy kan nou huis toe gaan, en alles is reg. Jy kan gesond gemaak word, as jy sal glo met jou hele hart. Ek's 'n vreemdeling vir jou, ek ken jou nie, ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie. As dit so is, steek julle hande op, albei van julle. Steek net julle hande op daar. Dis presies reg.

Glo julle met julle hele hart? Wat van sommige van julle mense wat hieronder sit? Wat glo jy, met jou hele hart? Hê dan geloof.

198 Wat van jou wat hier sit, hierdie gekleurde man wat hier sit en na my kyk. Het jy 'n gebedskaartjie? Nee. Jy het nie een nodig nie, jy het geloof, en dis al wat jy nodig het. Glo jy dat ek Sy profeet is, of, Sy dienskneg? Glo jy dit met jou hele hart? Ek's 'n vreemdeling vir jou. Ons is twee verskillende rasse mense, en ons eerste ontmoeting. Maar jy het skynbaar 'n goeie gevoel aan jou gees, jy het geloof van een of ander aard. Dis goeie geloof vir iemand anders vir wie jy egter bid. Dis reg. Jou suster, sy het kanker. Dis—dis reg, wuif jou hand. Goed, glo en sy sal gesond word.

Glo jy met jou hele hart? "As julle kan glo, is alle dinge moontlik."

199 Mev. Johnson, wil jy huis toe gaan en ook gesond wees? Glo jy met jou hele hart? Jackson, liewer, het ek bedoel om te sê. As jy sal glo met jou hele hart, gaan jy huis toe, word ook gesond.

200 Wat van hierdie vrou wat hier sit? Die . . . Glo jy met . . . ? Ja. Glo jy met jou hele hart? Glo jy dat ek Sy dienskneg is? Jy het probleme met jou voete, probleme met jou hande. Jy bid vir 'n kind, geestestoestand. As jy sal glo met jou hele hart, kan jy kry waarvoor jy vra. Glo jy dit? Moenie huil nie, wees net dankbaar.

201 Hoeveel van die res van julle glo? Glo julle met julle hele hart? Hoeveel glo nou aan Hom as julle Verlosser? Dis geen onseker klank nie. Die Bybel sê, Dis 'n seker klank: "Hierdie tekens sal hulle volg. In die laaste dae sal dit gebeur."

202 Julle wat Hom as Verlosser wil ontvang, as julle hier is, staan op vir 'n getuienis, sê: "Ek sal Hom as my Verlosser ontvang," terwyl jy in Sy Teenwoordigheid is. Terwyl die salwing van die Heilige Gees op die mense is, sal jy Hom as Verlosser ontvang? Staan op jou voete, as jy hier is, iemand wat Hom as Verlosser wil hê.

203 Hoeveel hier het nie die Heilige Gees ontvang nie? God seën jou, Suster. Iemand hier, wat nie die Heilige Gees ontvang het nie, staan op julle voete, sê: "Ek sal Hom ontvang, ja, sekerlik. Gee my die Heilige Gees vanaand." Glo julle dit? Staan op.

204 Wel, Hy's hier, Dis die Heilige Gees Self. Hou net aan staan, bly staan, bly net op jou voete. Almal wat die doop van die Heilige Gees wil hê wat Dit nie ontvang het nie, glo jy kan Dit vanaand ontvang, staan op jou voete, ontvang Dit net. Goed. Geen onseker klank daaroor nou nie.

205 Onthou: "Geseënd is hulle wat honger en dors na geregtigheid, want hulle sal gevul word," niks onseker nie. Glo julle? Dan gaan julle gevul word. As julle geloof reg is, moet julle gevul word.

206 Kyk hier, hoekom sou jy dit bring . . . ? Kyk hier waar ek moet staan. Ek moet hier staan voor, o, alles, en dit moet *so* wees, amen, dit moet net *so* wees.

207 Nou, hoeveel van julle is siek en wil genees word? Staan jy op jou voete, jy glo dat jy genees gaan word, vanaand. As jy dit nie glo nie, moenie opstaan nie. Maar as jy dit wel glo, en jy het gevoel 'n—'n seker klank jou hart voel tref het: "Hierdie is die uur wat ek my genesing gaan kry, dit gaan *dit* wees, net nou." As jy dit glo met jou hele hart, staan net op jou voete. Dis reg. Laat die Heilige Gees net—net regdeur jou hart werk en jy sal uitvind iets vind plaas.

208 Nou, glo jy regtig, waarvoor jy gestaan het, jy dit gaan kry? Steek dan julle hande op en sê: "Dankie, Here Jesus. Ek ontvang nou my genesing. Ek ontvang nou die doop van die Heilige Gees." Prys Hom net. Amen. Prys God. (*Ek Sal Hom Prys*.)

209 Dis reg. Bly net daar. Moenie—moenie. . .Hou net julle hande. . .(Ek het klaar oor hulle gebid. . .?. . .) Is dit nie wonderlik nie? Voel julle Sy Teenwoordigheid? Ek wens dat julle hier kon staan, kyk waarna ek kyk. (Dit lyk pragtig. . .?. . .) Amen. Goed.

Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,
Die Lam prys wat vir sondaars geslag is;
Gee Hom die eer, al julle mense,
Want Sy Bloed het elke vlek weggewas.

210 Het julle Hom lief? Glo jy jy het jou genesing? Sê: "Amen. Ek eis dit nou. Ek ry daarop. Ek ry daarop. God het dit belowe, ek ry daarop, ek glo elke Woord daarvan." Laat ons dan ons hande opsteek en dit weer sing.

Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,
Die Lam prys wat vir sondaars geslag is;
O, gee Hom eer al julle mense,
Want Sy Bloed het weggewas. . .

211 Ek glo nie julle sou dink ek sou 'n skynheilige, of 'n leuenaar wees nie. As jy net kon verst-. . .Ek—ek beter dit nie sê nie. Maar luister hier, vriende, net soos salwing, net soos 'n, soos daardie—daardie Lig wat ek dophou, Dit hang net oral rond. O, goeiste! Glorieryk! As jy net oopmaak!

Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,
Die Lam prys wat vir sondaars geslag is;
Gee Hom die eer, al julle mense,
Want Sy Bloed het weggewas. . .

God seën julle.

61-0429E Die Onseker Klank
Stephen Mather Hoërskool
Chicago, Illinois V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org